

# St. Elisabet van Hongarye

## 17 November

(1207-1231)

Prinses Elisabet was die dogter van die koning van Hongarye. Haar huwelikslewe met die landgraaf van Thüringen was van korte duur, maar gelukkig, en by sy dood laat hy haar met drie kinders agter. Van kleins af het sy ’n groot liefde vir die armes gehad en altyd probeer om hulle by te staan. As landgravin kon sy hulle baie help, maar ná haar man se dood verkeer sy in ’n benarde posisie. Sy word uit die kasteel verban en verloor die voogdyskap oor haar kinders. Self verkeer sy in groot armoede en tog deel sy die bietjie wat sy het met almal wat by haar om hulp kom aanklop. Sy word ’n derde-ordeling van die heilige Franciskus en wy die res van haar kort lewe aan naastediens.

© Die Oratorium Uitgewery